## PHELOPHEPA-TREIN BRING GESONDHEIDSHOOP AAN TALLE GEMEENSKAPPE




**Die Phelophepa-trein verskaf jaarliks nodige gesondheidsdienste aan minderbevoorregte mense op Wes-Kaapse dorpies.** | FOTO'S: LIZANÉ LOUW

# Trein vir tande en oë

**COLIN HENDRICKS IN SALDANHA**
colin.hendricks@rapport.co.za

Phelophepa beteken "goeie skoon gesondheid" in Setswana en Sesotho. Dit is ook die naam van 'n trein wat gesondheid en 'n opgevoede gemeenskap agterlaat as hy na sy volgende bestemming vertrek.

Transet en Roche het die trein in 1994 in werking gestel en meer as 5 miljoen mense is reeds daardeur gehelp. Die trein staan die afgelope twee weke op Saldanha.

Oral waar die trein stop gee die opgeleide en toegeruste mediese span hulp aan mense wat nie 'n oogkundige, tandarts of sielkundige kan bekostig nie.

Die trein is die enigste in die wêreld wat basiese gesondheidsdienstes op 'n spoorlyn verskaf.

Dit bestaan uit 18 waens wat verdeel is in klinieke, stoorareas of slaapplek vir die 18 vaste personeel en meer as 40 mediese studente wat hul prakties op die trein doen.

"Die trein verskaf 'n basiese diens aan die armes, maar bied ook opleiding aan mediese studente," sê mnr. Onke Mazibuko, waarnemende besturende hoof op die trein.



**Jean-Pierre Du Plessis van die Universiteit van Johannesburg is besig om "nuwe oë" aan een van Phelophepa se pasiënte te gee.**

Die trein werk tot die laaste persoon gehelp is, al is dit laataand. Meer as 250 pasiënte word daagliks deur die mediese span gehelp.

'n Bemarkingspan gaan die trein vooruit om vas te stel hoeveel mense die trein gaan besoek en om die gemeenskap in lig.

"Ons skep ook werk. Die mense van die gemeenskap kan vir daardie tydperk op die trein as skoonmakers of sekuriteitswagte werk," sê Mazibuko.

Die trein word gefinansier deur Transnet en dit kos R2.4 miljoen per jaar om die trein op die spoor te hou.

"Gesondheid en gesondheidsopvoeding is vir Transnet belangriker as geld," sê Mazibuko. "Oral waar ons stop het ons uitreikprogramme in skole, kerke en gemeenskapsale. Ons toets die kinders se oë en tande en as hulle verdere hulp benodig stuur ons hulle na die trein."

The Journey is nog 'n uitreikprogram waar mense wat trauma ondervind het deur die trein se sielkundige span gehelp word.

Omdat die trein die afgelope paar jaar so suksesvol was, het Transnet besluit om 'n tweede trein bekend te stel.

Ziyaah Saloojee (23), 'n oogkundige student, sê dis die klein dingetjies wat dit vir hom die moeite werd maak om deel te wees van die personeel.

Saldanha is 'n baie belangrike plek vir Transnet, sê Mazibuko. Daar was glo al talle klagtes van mense in die gemeenskap wat voel Saldanha Staal hou gesondheidsen omgewingsgevare in.

Die trein het die naweek na Colesberg vertrek.